

'n Nuwe en beter verbond

Die begrip Nuwe Testament beteken maar dieselfde as Nuwe Verbond, 'n Testament is net die onverdiende bemaking van 'n erflater aan erfgename. Die erfgename het geen reg daarop nie. Dit is uit genade dat God aan die mens sy guns toesê. Wanneer 'n testament gemaak word, dan is dit eintlik maar net beloftes. Dit is nie 'n ander verbond nie - dit is net 'n beter verbond met uitnemender beloftes (vers 6). In die Nuwe Testament is die verbondskinders nie meer die natuurlike afstammeling (nageslag) van Abraham nie. Die natuurlike nageslag van Abraham is uitgekap omdat hulle nie geglo het nie (Rom. 11:20). Nou is die geestelike kinders van Abraham die verbondelinge. Die gelowiges is nou die erfgename van die genade.

Dat hier nou gepraat word van 'n beter verbond kom van die feit dat Jesus 'n beter priesterdiens verrig het as die Aäronitiese priesters. Hoe was sy priesterdiens nie anders nie! Hy bring nie net 'n offer van diere soos die priesters dit in die Ou Testament moes doen nie, maar Hy offer Homself vir ons sondes. Sy offer word nie daagliks en jaarliks herhaal nie. Dit was eenmalig, vir altyd en volkome. Hy kom staan tussen God en ons as die skeidsregter wat sy hand op God se skouer en op ons skouer plaas. Daarom word Hy ook Middelaar van 'n beter verbond genoem. Die nuwe verbondshoof is nie Abraham nie, maar Jesus Christus - Hy is die erfgenaam van alles gemaak (Heb. 1:2). Elkeen wat in Hom glo, elkeen wat glo dat Jesus met een offer die wat vir God afgesonder word, vir altyd van sonde vrygemaak het (Heb. 10:14), hulle is die ontvangers van die belofte dat Ek nooit meer aan hulle sondes en oortredings sal dink nie (Heb. 10:17). Hulle en hulle kinders word verseker dat God hulle God sal wees.

Die Ou Testamentiese verbondsvolk het werklik net beloftes gehad terwyl ons as Nuwe Testamentiese verbondsvolk inderdaad ook die getuienis het van die vervulling van God se beloftes in Jesus Christus. Die nuwe verbond sluit nie net die bloedkinders van Abraham in nie, maar uit alle volke, tale en nasies is hulle ingesluit wat deur God uitverkies is van voor die grondlegging van die wêreld af (Ef. 1:4). Deur Christus is ons nou bestem om nie kinders van Abraham te wees nie, maar deur Hom is ons kinders van God (Ef. 1:5). Jesus Christus is ons verbondshoof en soos Hy kind van God is, is ons kinders van God - aangenome kinders, maar ons is kinders (1 Joh. 3:2).